# Hemel-op-Aarde Projek

## Nuusbrief









April tot Junie 2026



"If we don't teach our children to follow Christ, the world will teach them not to."

## Stewige fondasies

Die Hemel-op-Aarde Projek se hoofdoelwitte is tweeledig:
(a) Kwaliteit vroeë remediërende intervensie, sodat elke jong leerder op die program skoolgereed kan wees teen die einde van sy/haar graad R jaar.

(b) Die uitdra van die Woord van die Here na elke kindjie op die program.

**Ons is só dankbaar dat ons borge beide hierdie bene van HOEP help sterk maak.**

Bo: Die bome in die Kaap was hierdie kwartaal weer asemrowende ontploffings van rooi en geel, oranje, bruin en goud! Wat 'n wonderlike geleentheid om die kleinspan hierdeur te kon leer dat seisoene verander, maar dat Jesus se liefde vir ons altyd dieselfde bly (Hebreërs 13:8)!



Links, bo: Deur die maak van oulike kunswerkies kon ons ook die volgende by die leerders tuisbring:

- **Koeldrankboksie-selfone.** Ons kan enige tyd van die dag of die nag met Jesus praat. Hy is nooit te besig vir ons nie (Jeremia 33:3).
- **Papierkoppie-huisies.** Wanneer Jesus die fondament van ons lewe (huis) is, sal dit al die storms weerstaan (Mattheus 7:24-27).
- **Toiletrolletjie-kerse.** Laat jou liggie vir Jesus sterk en helder brand, sodat almal Sy liefde deur jou kan sien skyn (Mattheus 5:16).

Regs bo: Die kinders waarmee ons werk word groot in areas met 'n legio gevare. Ons kon hulle deur die kwartaal sekere lewensvaardighede leer deur die gebruik van rymwoorde en kuns:

- **Skeur-en-plak vuur**. "Don't hide, go outside!" Kinders skrik wanneer hulle vuur sien en probeer onder 'n bed of in 'n kas wegkruip. Ons leer hulle dat hulle nie moet wegkruip nie, maar so gou moontlik buite moet probeer kom.
  "Fall and crawl". Ons leer hulle dat vlamme heel eerste die boonste lae suurstof opgebruik. As hulle vinnig hande-viervoet na die deur toe kruip, sal hulle nog kan asemhaal, want die vuur het nog nie die suurstof naby die grond opgebruik nie.
- **Vat vyf vir veiligheid**. Deur hierdie kunsaktiwiteit leer die kinders veiligheid ten opsigte van kwaadwillige vreemdelinge aan deur rymwoorde soos: "Yell and tell!", "Don't take a sweet from a stranger you meet" en "Go with buddies you know".

## Vroeë remediërende intervensie

Dit was 'n termyn waarin daar soveel groei by die leerders gesien kon word! Hulle verstaan opdragte en begin reeds al hoe meer selfstandig werk. Onder: Leerdertjies fluks aan die werk op konkrete vlak:



Elke aktiwiteit spreek 'n bepaalde motoriese of perseptuele vaardigheid aan.

Onder: Wiskunde is groot pret!




Onder: Vanaf konkrete vlak word daar na abstrakte vlak beweeg, waar die vaardigheid wat eerstens deur speletjies ingeoefen is, nou vasgelê word deur opdragte in die HOEP-werkboeke te voltooi. Die leerders is so trots op hierdie werk en ons is só trots op hulle!



Onder: Taal word op kreatiewe maniere ontwikkel! Die leerders se deelname aan gesprekke, redenasievaardighede en die uitbreiding van hul woordeskat word deur interessante, temaverwante aktiwiteite, asook deur pragtige tematafels aangemoedig.


Net soos met die ontwikkeling van al die ander vaardighede, is dit vir ons baie belangrik dat taalontwikkeling eerstens spelgebaseerd en interaktief aangebied word, voor daar enige werkboek-werk gedoen word.




## Impak

HOEP se Vroeë Remediërende Intervensieprogram word tans by 120 skole/kleuterskole in die Wes-Kaap en 5 skole in Limpopo geïmplementeer. **3 348 Leerders** (4- tot 6-jaar) word op 'n weeklikse basis bereik en **199 opvoeders** word weekliks bemagtig.

Behalwe vir ons kwartaallikse assesseringsdata, asook eksterne metings (wat weer teen einde van die jaar deur eksterne asessors afgeneem gaan word), is die bevestiging deur verskillende rolspelers vir ons 'n baie belangrike hoeksteen van impakmeting.




Links, bo: Skermgreep van 'n What's app boodskap deur Monica November, skoolhoof van Hope for Africa ECD in Delft. Regs, bo: Aanhaling uit Colin Vincent (Hoofbestuurder, XL Education) se onlangse Nuusbrief.

## Hoogtepunte van die kwartaal

### In die wolke, oor die maan!




Bo: Dit was vir ons HOEP-span 'n reuse hoogtepunt om gedurende die termyn met aanlyn opleiding te kon begin. Dit het gevoel of ons op die Artemis 2 verby die maan vlieg! Die opwinding spruit egter vanuit veel dieper as net die hibriede opleidingsessies – dit is deel van 'n visioen, wat baie, baie jare gelede aan Campher gegee is, wat bewaarheid word!

### HOEP in Ga-Maja




Bo: Ons HOEP-boom in Ga-Maja (Limpopo) het reeds vyf blare: Thlakodisa Educare, Mokoena Maja Educare, Mologadi Educare, Makgeila Educare en Bokgobelo

Mphakanyane Primêre Skool. Shoki Mashitisho woon elke week haar HOEP-opleidingsessie aanlyn by en lei dan die juffrouens by hierdie skole op om die HOEP-program in hul eie klasse aan te bied. Alle eer aan ons Hemelse Vader wat hierdie boom in die verre noorde van ons land laat groei en vrug dra!

## HOEP/ROLA/PROJECTS PERFECT Samewerking




<u>Bo en onder</u>: Wat 'n vreugde om te kon saamspan om vir vir Busy Bzzz Kleuterskool in Firgrove 'n kindervriendelike "face-lift" te gee! Deur ROLA se befondsing en 'n dag waarin moue opgerol is om te verf, HOEP se reëlings en PROJECTS PERFECT se arbeid kon hierdie skooltjie se speelarea-mure geverf word, die terrein kon opgeknap word, die stukkende swaaie kon reggemaak word, die gebreekte vensters kon vervang word en rakke kon in die klaskamers opgesit word. Ons is dankbaar vir die vreugde wat ons vir juffrou Myrna (die skoolhoof), en die kleinspan kon bring!



## Borg-besoeke!




Bo: Soos altyd, was dit vir die kinders én vir ons span die lekkerste lekker om borge te kon uitneem na die skooltjies. Hier spandeer Ipic Property Group, Elevate Retail Group en CS Property Group tyd saam met kinders op die HOEP-program.

## Mense span wyd en syd saam om 'n verskil te help maak!



Links, bo: Kassie en Aletta Karsten het hierdie kwartaal weer wonderlike hulpmiddels vir die skooltjies gemaak. Die rekkiesborde is uiters effektiewe fynmotoriese apparaat en die botteldoppies wat versamel is, word as tellers gebruik. NG Helderberg en Omgee Gemeente het gehelp om baie kindertjies se lyfies deur die winter warm te hou deur hul lieflike breiwerk en Rian Erasmus (Kerf Biltong & Deli, Stellenbosch Square) het gesorg dat die magies vol bly by Little Angels (Southfork).

Regs, bo: Groot opgewondenheid het by Agapé Kleuterskool en Hope for Life ECD in Grabouw geheers toe Diverso verlede week 'n fotostaatmasjien aan elk van die skooltjies geskenk het.

## Aan almal wat ons help om verandering teweeg te bring

Ons span is ongelooflik dankbaar vir elke unieke vennootskap wat help om die ratte van die HOEP-masjien te laat draai. Sonder julle ondersteuning, bydraes, skenkings en gebede kan ons nie doen wat ons doen nie!

Met die grootste waardering:

### HOEP Leierskap 2026




V.l.n.r.

Nico Esterhuyse (Sasol): Direkteur HOEP NPC.
Campher Serfontein: Stigter, Hoof-bestuurder en Sekretaris HOEP NPC.
Hein Coetzee (Top Fruit): Direkteur en Voorsitter HOEP NPC.
Sunette Erasmus: Direkteur HOEP NPC en Operasionele Bestuurder.
Anton van Geest (Diversifi): Direkteur HOEP NPC en Betaalmeester.

### HOEP-span 2026

Agter: Olivia Oppelt, Angelique Watts, Sunette Erasmus, Campher Serfontein, Shana Keur en Lynne Jacobs.

Voor: Beverley Roberts, Abigail Snyders, Patricia Mntuyedwa en Sophia Herman.



# Kontak ons gerus!




Saamgestel deur:
Sunette Erasmus

Datum:
22 Junie 2026